Omskakeling van Lyste met Reserwemateriaal na Kursusleeslyste in SUNLearn – Vir Dosente

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens is besig om die lyste met reserwemateriaal na Kursusleeslyste in SUNLearn, wat maklike toegang aan studente bied, om te skakel. Kursusleeslyste stel jou in staat om leeslyste direk binne SUNLearn te bou en te bestuur. Gebruik Kursusleeslyste om vinnig en maklik diverse materiaaltipes, insluitende die Biblioteek se gedrukte en elektroniese materiaal, asook klasnotas en webbronne by jou leeslys te voeg.

Volg hierdie maklike stappe om die Biblioteek te help om die leeslyste met reserwemateriaal na Kursusleeslyste in SUNLearn om te skakel.

STAP 1: Versamel & Stuur kursusinligting

1. Teken aan in SUNLearn. Binne jou 2023-kursus waarvoor jy reeds materiaal op Reserwe het,

   Edit settings:



2. Kopieer die **Course full name** en unieke **Course ID number** en e-pos dit saam met die getal kursusdeelnemers (opsioneel) aan die Biblioteek.



3. Die Biblioteek koppel jou lys met reserwemateriaal aan jou kursus in SUNLearn en stuur 'n e-pos ter bevestiging.

STAP 2: Aktiveer die leeslysfunksie

1. Teken aan in SUNLearn. Binne jou 2023-kursus, **Turn editing on**:



2. **Add an activity or resource**:

3. Kies **Reading List**:

4. Voeg 'n **Activity name** bv. *Reading list* by en **Save and display**.

Jou leeslys met reserwemateriaal is beskikbaar aan jou studente by die nuutgeaktiveerde leeslysskakel in jou kursusraamwerk.

Stappe 3 en 4 is opsioneel.

STAP 3: Voeg by / Verander aan jou leeslys

Verryk jou leeslys met addisionele gedrukte en elektroniese materiaal van die Biblioteek asook klasnotas en webbronne. Die Biblioteek sal weet om enige van hul gedrukte materiaal op jou leeslys vir jou studente op Reserwe te plaas.

Voeg addisionele bronne by met ADD ITEMS + of **Cite It!**



STAP 4: Stuur en Publiseer jou leeslys

Stuur aan die Biblioteek:

Stuur jou voltooide leeslys vir LIBRARY REVIEW indien enige verwysing in jou leeslys 'n Being Prepared status het.

Indien al die verwysings in jou leeslys 'n Complete status het, kan jy **Library Review** oorslaan.

Publiseer jou leeslys:

Klik **Publish** om jou leeslys vir jou studente sigbaar te maak.